## HOOFSTUK 5

# TOETSING VAN DIE KLINIEKSKOOL LOOPSPRUIT AAN DIE NORME

## 1. Inleiding

Waar die norme vir 'n kliniekskool hierbo volledig bepaal, en 'n omvattende beskrywing van die Kliniekskool Loopspruit tevore reeds gegee is, moet daar nou vasgestel word in watter mate die Kliniekskool voldoen, al dan nie, aan die norme, m.a.w. daar moet oorgegaan word tot die toetsing van die Kliniekskool aan die norme.

Die toetsing aan die norme bring mee dat die sistematiese beskrywing van elke aspek van die Kliniekskool, soos dit daagliks as 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie funksioneer, eers sistematies deurdink en geïnterpreteer moet word. Ten einde die toetsing van die Kliniekskool aan die norme te vergemaklik, word dit aan die hand van die volgende aspekte gedoen: die doel; die inhoud; die metodes; die tug; die evaluering, diagnostisering en desertifisering; die personeel; die administrasie; die skoolgeboue en toerusting; die gronde; die finansiering; die beheer; die leerlinge; die koshuise; en die terapeutiese diens.

## 2. Toetsing van die Kliniekskool Loopspruit aan die norme

### (a) Die doel[1)]

Hierdie inrigting voldoen aan die vereiste dat leerlinge wat hierheen verwys word tydelik uit hulle ouerhuise, omgewings en gewone, normale skole weggeneem word. Dit is 'n tussentydse stadium en 'n noodsaaklike onderbreking van hulle skoolgang, sodat doelgerigte, beplande, wetenskaplik verantwoorde en effektiewe remediërende behandeling in die hele opset van 'n kliniekskool ongehinderd kan verloop.

Binne hierdie raamwerk voldoen die Kliniekskool in die tweede plek aan die vereiste dat dit 'n vasstaande uiteindelike, en rekbare verwyderde en onmiddellike opvoedingsdoeleindes moet hê.

---

1. Vgl. hoofstuk 2, par. 2 en hfst. 4, par. 2(a).

Soos blyk uit die beskrywing van die Kliniekskool, voldoen die uiteindelike doelstelling aan die vereiste dat dit daarop gerig moet wees om God, die Almagtige en die Skepper van alle dinge, uit Wie, tot en deur Wie alle dinge is, te behaag, en dat die leerlinge deur die onderwysers gemotiveer moet word tot die soeke van die kennis van God, die liefde tot en die diens van God en die afbidding van die geloof in hulle voorbereiding vir die koninkryk van God. Hieruit is duidelik dat die Kliniekskool op voortreflike wyse voldoen aan die religieuse norm, nl. dat alle onderwys deel van die opvoeding is, wat heenwys en heenlei na Bo[1]. Die Kliniekskool voldoen ook aan die vereiste dat die uiteindelike doelstelling die verwyderde en die onmiddellike doeleindes deursuur en rig.

Dit blyk duidelik uit die beskrywing van die Kliniekskool dat nasionale vorming en toerusting gerig is op die liefde en trou van die eie kultuur, op bevordering van die volksaak en volkslewe, maar met eerbied vir ander volkere in 'n wêreldsituasie waarmee die kind gekonfronteer word, en op die vorming van roepingsbewuste manne en vroue met voortreflike fisiese en geestelike toerusting wat 'n gesindheid van altruïstiese arbeidsaamheid tot eer van God en tot voordeel van die medemens openbaar. Dit is ook duidelik dat estetiese vorming gerig is op die herstel van die skoonheidstruktuur van die hele geskape kinderpersoonlikheid, en op die waardering van die skone en die liefde vir die Gewer van die skoonheid. Die Kliniekskool is ook ingestel op die motivering van die kind tot die kennis en naleef van die goeie soos vervat in die hele Skrif, en op die bybring van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sodat die Kliniekskool inderdaad voldoen aan die vereistes van religieuse, filosofiese, etiese en estetiese vorming[2].

Soos verder uit die beskrywing van die Kliniekskool blyk, voldoen ook die onmiddellike opvoedingsdoeleindes aan die vereistes, want die skool is rehabiliterend en preventatief, maar ook ingestel op voortgesette opvoeding. Dit beoog die verwydering van emosionele spanninge, remming, versteuring, en heraanpassing op volisionele, emosionele en verstandelike vlak van die kind as mens en leerling.

---

1. Popma, K.J. Opvoeding, onderwijs, schoolverband in Philosophia reformata, 12(3): 134, 1947; Waterink. Theorie der opvoeding, p. 114.
2. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 274.

Maar die Kliniekskool gee ook uitvoering en voldoen aan die vereistes t.a.v. die aanpassing en versorging van die kind as biologiese wese, sodat hy hom as lewende mens kan handhaaf, ook in die beroepslewe; die vorming en ontwikkeling deur die innerlike en uiterlike versorging van die kind se liggaam; die geestelike groei en ontwikkeling van die opvoedeling deur die versorging van die ken-, gevoels- en strewingslewe; die sosiale versorging, vorming en ontwikkeling met klem op sosiale aanpasbaarheid en inpassing, sosiale bruikbaarmaking en die sosiale roeping van die kind; die politiese versorging deur die inoefening van gesonde staatsburgerskap met die oog op geleide en geleidelike inlywing en inlewing as wets- en normgehoorsame burgers, in die staatkundige orde maar ook in die koninkryk van God op aarde; en die versorging van die kind om as redelike wese, toegerus om begrippe te vorm, dit te verbind tot oordele, en lg. tot besluite.

Samevattend voldoen die Kliniekskool Loopspruit dus aan die vereistes ten opsigte van die doeleindes.

(b) <u>Die inhoud</u>[1)]

Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereiste dat die kurrikulum moet aansluit by dié van die gewone skool, sowel wat die leervakke as buiteskoolse aktiwiteite betref.

(i) Volgens die beskrywing van die Kliniekskool is die sillabusse vir die verskillende skoolvakke wat by die Kliniekskool Loopspruit gevolg word dieselfde as dié vir die gewone hoër- en laerskole. Sodoende word terugplasing na die gewone skool, wanneer die rehabilitasie van 'n leerling suksesvol afgeloop het, vergemaklik. Dit is ook duidelik dat 'n groot genoeg verskeidenheid vakke aangebied word, sodat feitlik alle leerlinge die vakkeuses wat in hulle vroeëre skole gegeld het, kan maak. Sodoende word verseker dat aansluiting sonder spanninge vir die leerlinge verloop.

Die inhoud van die leerstof in die Kliniekskool is voorts religieus en sekulêr van aard en voldoen aan die eise gestel deur die Christelike doel, in soverre dit voorsiening maak vir leerstof wat dit bevat ter bevordering van die religieuse, filosofiese, etiese, estetiese, biologiese, fisiologiese, psigologiese, logiese, sosiologiese, die nasionale, en internasionale toerusting, vorming en ontwikkeling van die kind.

1. Vgl. hoofstuk 2, par. 3 en hfst. 4, par. 2(b).

(ii) Ook wat die ekstra- kurrikulêre of buiteskoolse aktiwiteite betref, voldoen die Kliniekskool Loopspruit aan die gestelde norme want:

Die Kliniekskool bied fasiliteite vir ŉ groot verskeidenheid sport- en ontspanningsaktiwiteite.

1) Ontspanning en sport, georganiseerd en spontaan, word reeds by die aankoms van ŉ kind by die Kliniekskool aangemoedig. Sowel individuele as groepsaktiwiteite geniet aandag en die onderwysers word daarby betrek. Verder word vrye tyd, sover doenlik, benut vir spel en aktiwiteite ten einde gevoels- en ander probleme „uit te speel", sublimering te bevorder en ŉ gevoel van sekuriteit, selfvertroue en eiewaarde in alle situasies te wek.
2) Die meedoen aan en saamspeel in groepspele bevorder die sosiale doel, aangesien die kind leer om hom te onderwerp aan reëls, om hom te skik na die belang van die groep, om homself te beheers in sy spel saam met ander, om homself te sien soos hy is en sy eie beperkinge te ontdek en te aanvaar, om self besluite te neem wat sy selfvertroue en selfsekuriteit versterk, en om sowel nederlaag as oorwinning op ŉ waardige wyse te aanvaar.
3) Die Kliniekskool Loopspruit maak ruimskoots voorsiening vir aktiewe deelname aan kulturele aktiwiteite soos feesvierings van verskillende aard en soort, volksang en -spele, opvoedkundige uitstappies, die debatsvereniging, toneelopvoerings, konserte, koorsang, ens. Origens word ook die radio en rolprent produktief benut, die kinders op hoogte gehou met wêreldgebeure deur middel van koerante en tydskrifte, word die kinders deur die voorbeeld en onderrig van onderwysers gestimuleer tot liefde vir die eie volk en taal en tot eerbied van andere, en word kulturele aktiwiteite gekoördineer met die skoolwerk.
4) Die Kliniekskool bied fasiliteite vir en moedig leerlinge aan om deel te neem aan ŉ groot verskeidenheid stokperdjies. Sodoende bevorder die skool oordeelkundige aanwending van vrye tyd, word die seuns en meisies geleer om hulle denke konstruktief te projekteer, word die eie belewingswêreld verryk en word ontlading van belewingsprobleme bevorder.
5) Die leerlinge verrig werk in die koshuise en vrywilliglik op die plaas. Hierdie werk word betrek by die arbeidsterapie aan die

Kliniekskool en vorm 'n integrale komponent van die klinies-sielkundige diens. Arbeidsterapie bevorder selfekspressie, denke, skepping en sublimering, en stimuleer tot arbeidsvreugde en prestasiegenot.

6) Die kadette-afdeling van die Kliniekskool word terdeë benut om te stimuleer tot selfdissipline, gesonde kompetisie, innerlike en uiterlike netheid, en 'n navolgenswaardige fisiese en geestelike houding by seuns in navolging van die onderwyserkadetoffisiere.

7) Die Kliniekskool benut ook die jeugbewegings om te voldoen aan avontuurlus, om die drang tot eksplorasie te bevredig, om groepslojaliteit te bevorder, en om tot denke te prikkel, want deur die samewerking met andere in die oplossing van probleme, kan ervaring opgedoen word wat kan meehelp tot die oplossing van eie, persoonlike probleme.

8) Die Kliniekskool beywer hom in die besonder vir die bevordering van die godsdiens, deurdat die nodige reëlings getref word om leerlinge in staat te stel om eredienste en katkisasieklasse by te woon; deurdat godsdiensoefening op sekere dae, wanneer alle leerlinge vir die opening in die skoolsaal byeenkom, plaasvind; deurdat huisgodsdiens saans, met ete, in die koshuise gehou word; deurdat stiltetye vir godsdiensoefening saans gereël word; en deurdat Bybels gratis aan leerlinge beskikbaar gestel word as hulle daarom vra.

(c) <u>Die metodes</u>[1)]

(i) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereiste dat die hoofklem op remediële behandeling, eers sielkundig en daarna skolasties moet val om leerlinge met gedragsafwykinge te genees. Dit sluit in diagnostisering, psigoterapie en remediërende onderwys.

(ii) In voorgenoemde proses is dit, uit die beskrywing van die skool, duidelik dat daar besondere pogings aangewend word om te verseker dat die skool te alle tye 'n terapeutiese klimaat het en die kind by sy aankoms aanvaar word soos hy is t.o.v. sy eie belewingswêreld, en sy eie persoonlike belewingsprobleme; en om te voorsien in die basiese behoeftes van die gedragsafwykende leerling aan fisiese, materiële en geestelike

---

1. Vgl. hoofstuk 2, par. 4 en hfst. 4, par. 2(c).

versorging, liefde, geborgenheid, rustigheid en 'n atmosfeer van kalmte wat bevorderlik is vir die nodige gemoedsrus.

(iii) Die hele organisasie van die Kliniekskool Loopspruit is daarop ingestel om te verseker dat dit as eenheidsverband funksioneer, dat opvoeding en terapie sinkroniseer, en dat elke individuele leerling, in watter sosiale situasie hy ookal verkeer, die heilsame invloed van groepsterapie ervaar, en met groepsnorme gekonformeer word.

(iv) Die Kliniekskool voldoen verder aan die vereiste dat getrag word om psigoterapeutiese behandeling van 'n kind op emosionele vlak te koördineer met skolastiese remediëring deur middel van sover moontlik geïndividualiseerde onderwys in klein klasgroepies van hoogstens 15 leerlinge per groep. Sodoende word gepoog om spanninge in die skoolwerk grootliks uit te skakel en om leerlinge onder die simpatieke leiding van die onderwyser in staat te stel om volgens eie vermoëns en tempo te vorder. In ooreenstemming met die vereiste word slegs klasonderwys in die laerskoolafdeling gegee, terwyl vakonderwys in die middelbare afdeling geld.

(v) Die Kliniekskool Loopspruit, voldoen ook aan die eis dat die pogings van die hele personeel gekoördineer moet word deur middel van 'n eenvormige beleid en heldere taakaanduiding. Die skoolhoof gaan selfs sover om voortdurend 'n soort van indiens-opleiding aan alle personeellede, dog veral die onervarenes, te gee; en iedere personeellid ontvang 'n breedopgesette, afgerolde stuk bevattende beleid, instruksies en wenke t.o.v. iedere aspek van die werksaamhede in die Kliniekskool. Besondere klem word hierin gelê op die remediërende aard van die onderwys.

(vi) Die Kliniekskool voldoen nie ten volle aan die vereiste dat hy hom moet toespits slegs op leerlinge met normale en bo-normale intelligensie wat gedragsafwykinge vertoon of wat nie na vermoë presteer nie. Die verstandelik subnormales, waarvan daar wel enkeles gesertifiseer is, skep besondere probleme, wat die taak van die personeel ernstig bemoeilik.

(vii) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes dat remediërende onderwys by die klasonderwyser begin, met die doel om leerlinge vry te maak van verkeerde leergewoontes deur hulle te motiveer vir die regte leergewoontes; dat hulpverlening by die oplos van skolastiese sowel as persoonlike probleme aan leerlinge gegee word; en dat besondere aandag gegee moet word aan leerlinge met die oog op diagnostisering, terapie

en skolastiese heraanpassing.

(viii) Dit blyk duidelik uit die beskrywing van die benadering van sport en ontspanning, en uit die voorsiening van fasiliteite daarvoor[1] in die Kliniekskool, dat alle moontlike pogings aangewend word om te voldoen aan die kriterium dat ekstra-kurrikulêre aktiwiteite 'n integrale deel moet uitmaak van die sosialiserings- en heropvoedingsprogram.

(d) Die tug

Volgens die beskrywing van die tug aan die Kliniekskool[2] is dit die aanvaarde beleid van dié skool om tug in ooreenstemming met die departementele regulasies toe te pas; en berus die tughandhawing op die Christelike beginsel dat die onderwyser - as plaasvervanger van die ouer - beklee is met gesag van God verleen oor die kind. Hierdie benadering van tughandhawing word gereeld op personeelvergaderings en in inligtingstukke aan die personeel benadruk en word volgens die beskikbare verslae getrou deur die personeel nagekom. Daar word klaarblyklik getrag om in liefde en verantwoordelikheid te tugtig, om gesag tot eer van God en voordeel van die kind te gebruik.

Deur tug word orde verkry sodat die terapie en opvoeding effektief kan verloop; word die leerling wat van die pad afgedwaal het daarheen teruggebring; en word die leerling op die regte pad gehou. Dit is voorts die voortdurende strewe om die kinders steeds te motiveer tot bewuste, vrywillige onderwerping aan gesag en reëls - tot selftug.

In hulle uitvoering van die aanvaarde beleid t.o.v. tug, trag iedere lid van die personeel in die skool, in die koshuise en tydens buiteskoolse aktiwiteite op toegewyde wyse om, na vermoë, aan die gestelde eise te voldoen [3], te wete om direkte en indirekte tug na die eise van omstandighede toe te pas; om nie te tugtig alvorens die oorsaak van die misdryf bepaal is en die kind daarvan oortuig is dat hy oortree het nie; om straf so gou moontlik op die oortreding te laat volg; om tug met die oog en met die woord met oorleg toe te pas; om steeds met waardigheid en in verantwoordelikheid en beheersdheid te tugtig; om tug met die daad, bv. deur die opleg-

---

1. Vgl. hoofstuk 2, par. 10.
2. Kyk hoofstuk 2, par. 5.
3. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(d) en hfst. 2, par. 5.

ging van strafwerk of deur afsondering, steeds positief te benader; om liggaamstraf slegs in die uiterste gevalle as laaste redmiddel, en volgens departementele regulasies, toe te dien; om beloning, bv. deur 'n aanmoedigende en goedkeurende woord of deur die toestaan van 'n geringe voorreg, sodanig as tugmiddel toe te pas dat dit stimuleer tot selftug; om steeds die straf by die oortreding te laat pas; om as gesagsdraer self tug te handhaaf en om nie die eie verantwoordelikheid in hierdie opsig op iemand anders af te skuif nie; om nooit 'n hele groep vir die oortreding van 'n enkeling te straf nie; om te voorkom dat tugtiging van 'n leerling die klasorde en klasatmosfeer versteur; om straf altyd onpersoonlik en objektief, en nooit volgens 'n vaste tarief nie, toe te dien; om straftoediening in die openbaar, voor ander leerlinge, te vermy; om straf konsekwent op oortreding te laat volg; om nooit te straf terwyl die eie gemoed versteur is nie, maar steeds kalm, rustig, berekenend, gelykmatig en volgens die norm van die liefde te straf; en om straf steeds as red - dog nie as vergeldingsmiddel nie aan te wend.

Dit is voorts die opregte strewe van die skool om eerder oortreding te voorkom, en te motiveer tot selftug deur die positiewe optrede van sy personeel, te wete deur aktiwiteite so goed as moontlik te organiseer, deur die leerlinge fisies en psigies konstruktief besig te hou, deur stimulerende metodes te volg, deur vaste dog billike reëls daar te stel, deur 'n vertrouensituasie gekenmerk deur geborgenheid te skep, en deur die eie voorbeeld van roepingsbewustheid, verantwoordelikheid en gehoorsaamheid.

(e) <u>Die evaluering en desertifisering</u>[1)]

Die Kliniekskool voldoen eerstens aan die vereiste dat dit deur meting met behulp van toetse, eksamens en ander hulpmiddels moet bepaal wat die mate van kennis is wat leerlinge van die verskillende skoolvakke opgedoen het.

Nog binne dieselfde kader voldoen die Kliniekskool Loopspruit aan die vereiste dat ook gestandaardiseerde skolastiese toetse en diagnostiese toetse by evaluering en by die opspoor van oorsake van swak plekke in die kind se skoolvakke (Afrikaans, Engels en Rekene - elkeen met bepaalde afdelings) betrek word, met die oog daarop om leermoeilikhede by die kind uit te ska-

---

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(e) en hfst. 2, par. 6 en 15.

kel. Veral deur meting met gestandaardiseerde skolastiese toetse verkry die Kliniekskool 'n objektiewe beeld van die mate van vordering in die voorgeskrewe skoolwerk van 'n leerling, en derhalwe ook in sy vordering met skolastiese aanpassing.

Maar die Kliniekskool Loopspruit voldoen verder ook aan die vereiste dat erkenning nie bloot op grond van kennismeting moet geskied nie, dog op vordering van die hele kind op weg na bereiking van al die opvoedkundige doeleindes, daarom trag die Kliniekskool om 'n totaalbeeld van die individuele persoonlikheid van 'n leerling vas te stel, deur ook gebruik te maak van verdere hulpmiddels om gegewens op te diep, soos bv. Verstandstoetse, persoonlikheidsvraelyste, projeksietegnieke, die Aanpassingsvraelys van die R.G.N., die Gedragskattingskaal (Bylae A), Verslag van vordering en skatting van werkseienskappe (Bylae B), en ook die Daaglikse Verslag van die klasprefek (Bylae C).

Met behulp van die gegewens, versamel uit al die voorgenoemde bronne in die persoonlike lêer van die leerling, word die leerling op gereelde personeelvergaderings as totaliteit beoordeel. Langs hierdie weg word voortdurende diagnostisering met die oog op voortgesette remediële behandeling en psigoterapie bevorder. Genoemde benadering van evaluering vorm ook die grondslag vir aanbevelings t.o.v. desertifisering.

Soos uit die voorgaande blyk, voldoen die Kliniekskool verder ook aan die vereiste ten opsigte van desertifisering van leerlinge, want op grond van die deeglike evaluering kan die skoolhoof en die sielkundiges van die Kliniekskool die nodige aanbevelings by die Departement maak, wat finaal beslis of die betrokke leerling teruggeplaas word by sy ouers en bekende skool, of andersins, in 'n skoolkoshuis en ander skool.

Die Kliniekskool maak voorts daarvoor voorsiening dat gesertifiseerdes tot op 21-jarige ouderdom in die skool kan aanbly, mits hulle as rehabiliteerbaar beskou word.

(f) Die personeel

Wat die personeel betref, voldoen die Kliniekskool in die volgende mate aan die gestelde norme[1]:

---

1. Kyk hoofstuk 2, par. 7 en hfst. 4, par. 2(f).

(i) Personeelvoorsiening van die Kliniekskool geskied, soos vereis, op grond van die getal leerlinge op die tiende dag van die vierde skoolkwartaal. Sodoende word 'n groot deurlopende kern van personeel verseker wat kontinuïteit van werksaamhede in elke nuwe jaar bevorder.

(ii) Gradering van die Kliniekskool voldoen aan die norm, dit word nl. as 'n H1-skool beskou as dit meer as 300 leerlinge het en as 'n H2-skool as dit minder as 300 leerlinge het.

Ook die postestruktuur voldoen aan die norme want, soos verderaan sal blyk, is voorsiening vir die benodigde kategorieë van personeel gemaak.

(iii) Die Hoof van die Kliniekskool Loopspruit is hoof oor almal en alles in die skool. Hy is onderwyser-opvoedkundige, waarvan nie die akademies-professionele[1] toerusting nie, maar veral sy ervaringskennis[2] grondig is; en hy beskik verder volgens getuienis van Inspekteurs van Onderwys en van die Adviesraad[3] oor die nodige persoonlikheid om leiding te gee en beheer uit te oefen oor die hele organisasie, die doel, taak en funksionering van die Kliniekskool as 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie.

Vanweë die eise van omstandighede - soos personeelverwisseling, personeel nie ten volle opgelei nie, en onervare personeel - onderneem die Hoof selfs informele opleiding van die personeel by wyse van inligtingstukke, advies, mededelinge ens.

Die Hoof voldoen voorts aan die vereiste inwoning op die skoolterrein.

(iv) Ook die visehoof van die Kliniekskool voldoen, volgens die oordeel van Hoof, Inspekteur van Onderwys en Adviesraad, nie ten volle aan die vereistes, t.w. wat sy akademiese en professionele kwalifikasies en ervaring betref nie, maar wat sy persoonlikheid, administratiewe vermoë, potensiaal om die hoof te vervang, skoolwerk en inwoning op die skoolterrein betref, voldoen hy aan die vereistes. Die visehoof verlig die hoof se administratiewe pligte inderdaad in so 'n mate dat laasgenoemde sy professionele pligte beter kan nakom.

---

1. Die Hoof beskik oor die volgende kwalifikasies:
Akademies: B.Sc. 1 en B.A. 11 met Sielkunde 11 en Afrikaans 11; en professioneel: $O_2$ en 'n Diploma in Landbou.

2. Die Hoof het 40 jaar onderwyservaring waarvan 16 jaar as hoof van die Kliniekskool Loopspruit.

3. Skrywer is voorsitter van die Adviesraad.

(v) Die Kliniekskool voldoen aan die vereistes ten opsigte van seniorposte, want een uit iedere drie en twee poste in die hoër- en laer afdelings respektiewelik is as seniorposte gegradeer. Hierdeur word 'n mate van vergoeding en erkenning gegee vir ervaring en veeleisende diens, en word getrag om onderwysers met die vereiste kwaliteite en bekwaamhede by die skool te betrek en te behou.

(vi) Die onderwyspersoneel van die Kliniekskool Loopspruit voldoen slegs gedeeltelik aan die norme[1]. Die vereiste akademiese en professionele kwalifikasies is 'n graad met sielkunde as 'n hoofvak en 'n onderwysdiploma; voorts word ervaring in remediële onderwys, veral t.a.v. gedragsafwykendes vereis. Dit spreek vanself dat spesiale opleiding in remediële onderwys of ortodidaktiek vir onderwysers van 'n kliniekskool noodsaaklik is.

Volgens 'n onlangse opname deur die Hoof beskik die huidige onderwyspersoneel oor die volgende kwalifikasies en ervaring:

---

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2 (f)(v).

TABEL 6

Kwalifikasies en ervaring van onderwyspersoneel[1].

| Afdeling van skool | Onderwyser | Akademiese kwalifikasies (grade) | Graadkursusse in sielkunde afgelê | Professionele kwalifikasies (diploma) | Opleiding in onderwys van afwykendes, remediële onderwys of ortodidaktiek (Ja of Nee) | Jare ervaring as onderwyser | Jare ervaring in die onderwys van gedragsafwykende leerlinge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoër afdeling | A | - | - | T.O.D.(Spes.Bedryfsk.) | Nee | 7 | 5 |
| | B | - | - | T.O.D. | Nee | 4 | 3 |
| | C | B.A.,B.Ed. | - | T.H.O.D. | Nee | 14 | 2 |
| | D | - | - | T.O.D. | Nee | 1 | 1 |
| | E | B.A. | 111 | H.P.O.D. | Nee | 7 | 1 |
| | F | B.A. | - | H.O.D. | Nee | 17 | 11 |
| | G | - | - | L.O.D. | Nee | 13 | 13 |
| | H | B.A. | 111 | T.O.D. | Nee | 10 | 4 |
| | I | - | - | T.O.D.(Spes.L.O.) | Nee | 1 | 1 |
| | J | B.Comm. | - | T.H.O.D. | Nee | 8 | 7 |
| | K | - | - | J.M.K.(Spes.Eng.) | Nee | 3 | 2 |
| | L | - | - | J.M.K.(Spes.Wisk.,Rek.) | Nee | 6 | 4 |
| | M | - | - | L.O.D. | Nee | 4 | 3 |
| | N | - | - | T.O.D. | Nee | 4 | 2 |
| | O | - | - | T.O.D.(Spes.Huishk.) | Nee | 1 | 1 |
| | P | B.A. | 111 | J.M.K.(Spes.Wisk.,Rek.) | Nee | 5 | 4 |
| | Q | - | - | J.M.K.(Spes.Wisk.,Rek.) | Nee | 1 | 1 |
| Laer afdeling | R | - | 1 | U.L.O.D. | Nee | 1 | 1 |
| | S | - | - | T.O.D. | Nee | 4 | 3 |

1. Soos verstrek deur die Skoolhoof in September 1969.

Dit is uit Tabel 6 duidelik dat:

1) In die hoër en laer afdelings van die skool respektiewelik slegs 6 uit 19 onderwysers oor 'n graad beskik[1)]
2) In die hoër en laer afdelings respektiewelik slegs 3 uit 19 onderwysers sielkunde op derdejaarsvlak geslaag het.
3) In die hoër en laer afdelings respektiewelik 19 uit 19 onderwysers oor 'n onderwysdiploma beskik.
4) In die hoër en laer afdelings respektiewelik 0 uit 19 onderwysers enige opleiding in die onderwys van gedragsafwykendes, remediële onderwys of ortodidaktiek ondergaan het.
5) In die hoër en laer afdelings respektiewelik 5 uit 19 onderwysers minder as 3 jaar algemene onderwyservaring het.
6) In die hoër en laer afdelings respektiewelik 9 uit 19 onderwysers minder as 3 jaar ervaring van die onderwys van gedragsafwykende leerlinge het.

Volgens die Skoolhoof woon 14 uit 19 lede van die onderwyspersoneel op die skoolterrein in.

Origens trag die personeel om op toegewyde wyse en na vermoë hulle bydrae te lewer tot die algemene opvoeding, en veral remediëring van die gedragsafwykende leerlinge wat aan hulle sorg toevertrou is.

(vii) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die norm ten opsigte van die tegniese personeel, in soverre hy beskik oor 'n ten volle opgeleide onderwyser vir hout- en metaalwerk en onderwyseres vir naaldwerk- en huishoudkunde. Albei hierdie onderwysers lewer belangrike hulpdiens t.o.v. psigoterapie en veral arbeidsterapie.

(viii) Die Kliniekskool beskik oor die vereiste opgeleide onderwyser en onderwyseres vir liggaamlike opvoeding. Hulle het nie slegs 'n groot aandeel in die organisasie van en toesig oor sportaktiwiteite nie, maar lewer ook 'n belangrike bydrae tot die opvoeding en remedie van die leerlinge.

(ix) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes ten opsigte van nagtoesig deur onderwysers. Hierdie diens word verrig deur 2 mans by die seuns en 1 dame by die meisies. Die betrokke onderwysers se drag word verlig wat klaswerk en buitemuurse aktiwiteite betref, maar moet daagliks rapporte oor die gedrag van die leerlinge tydens die vorige

1. Aan die einde van 1969 behaal een onderwyser die B.Comm.-graad wat die totaal akademiese grade opskuif na 7 uit 19.

nag indien. Sodanige verslae is van groot waarde vir die skoolsielkundiges.

(x) Die Kliniekskool voldoen nie ten volle aan die norm ten opsigte van die kwota skoolsielkundiges nie. Die vereiste is een vir 50 leerlinge. Tans behartig 2 manlike sielkundiges die ongeveer 150 seuns, terwyl 1 dame die sowat 50 meisies behandel. Volgens die norm is daar een manlike sielkundige te min.

(xi) Die sielkundiges voldoen aan die norme t.o.v. akademiese en professionele kwalifikasies. Hulle is opgeleide onderwysers, geregistreerde sielkundiges en akademiese vakkundiges.

(xii) Die Kliniekskool voldoen nie ten volle aan die vereiste dat die sielkundige dienste van die inrigting in alle opsigte by die skool geïntegreer moet wees nie, want die skoolsielkundiges ressorteer slegs vir administratiewe doeleindes onder die skoolhoof. Origens ressorteer hulle onder die Hoof van Sielkundige Dienste van die onderwysdepartement.

(xiii) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereiste ten opsigte van konsultasie met 'n psigiater in ernstige gevalle.

(xiv) Voorts voldoen die Kliniekskool slegs ten dele aan die vereiste dat die skoolsielkundiges op die skoolterrein moet inwoon, aangesien slegs twee van die sielkundiges[1)] op die skoolterrein woon waar hulle dienste 24 uur per dag nodig mag wees.

(xv) Die assistent-sielkundiges voldoen grotendeels aan die vereiste dat hulle opgeleide onderwysers met sielkunde as hoofvak vir die graad moet wees.

Hulle vorm die vereiste skakel tussen die kind en skool, huis en skool; koördineer en mobiliseer die pogings van instansies, soos die kerk en Volkswelsyn, om die gesinne te rehabiliteer, waarheen die gedesertifiseerde leerlinge moet terugkeer; en doen nasorg.

(xvi) Die Kliniekskool voldoen aan die vereistes ten opsigte van huisvaders en -moeders. Hierdie inwonende personeel vervul die vereiste pligte van toesig oor netheid, ordelikheid, sindelikheid, studie en eetsaalgedrag.

---

1. Mededeling deur die skoolhoof.

(xvii) Ook wat die norme t.o.v. matrones en assistentmatrones betref voldoen die Kliniekskool in alle opsigte aan die vereistes. Die dames word met sorg geselekteer en vervul nie slegs hulle voorgeskrewe pligte nie, maar lewer ook 'n mate van hulpdiens betreffende arbeidsterapie, veral by die meisies.

(xviii) Die Kliniekskool beskik oor die vereiste twee ten volle gekwalifiseerde verpleegsters, waarvan een altyd vir diens in die skoolhospitaal beskikbaar is. Beide verpleegsusters voldoen aan die eis dat hulle oor 'n agtergrondskennis van hierdie tipe leerlinge moet beskik, en hulle lewer hulpdiens aan die dame-sielkundige wat met die meisies werk.

(ix) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes ten opsigte van medici. Die distriksgeneesheer is in die hospitaal beskikbaar vir konsultasies. Hy besoek slegs pasiënte wat ernstig siek is, ander pasiënte word na die hospitaal geneem. Die Kliniekskool het voorts magtiging om in noodgevalle ook private praktisyns in te roep. Hulle lewer in die reël gratis diens.

(xx) Ook wat die tandheelkundige dienste betref, voldoen die Kliniekskool aan die vereistes. Die leerlinge word op sekere weeksdae deur die verpleegsuster na die tandarts se spreekkamer vervoer, alwaar hulp op staatskoste gelewer word.

(xxi) Ten slotte voldoen die Kliniekskool Loopspruit aan die vereistes dat hy oor sy eie faktotum en ook plaasbestuurder moet beskik. Hierdie amptenare vervul hulle onderskeie voorgeskrewe pligte baie goed[1].

(g) <u>Die administrasie</u>[2]

(i) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes t.o.v. administratiewe personeel. Daar is vier sekretaresse-tiksters - 2 voltyds en 2 deeltyds - in diens om die hoof by te staan met administratiewe sake soos die boekhouding, en die versamel en tik en byhou van talle gegewens op state, vorms e.a. dokumente, betreffende die skool en sy leerlinge.

(ii) Die Kliniekskool voldoen slegs gedeeltelik aan die norm t.o.v. toelating

---

1. Mededeling van die skoolhoof.
2. Vgl. hoofstuk 2, par. 8 en hfst. 4, par. 2(g).

van leerlinge[1], aangesien ook verstandelik vertraagde leerlinge met gedragsafwykinge steeds in die Kliniekskool opgeneem word[2]. Hierdie misstand bemoeilik die sware taak van die Kliniekskool in 'n besondere mate.

(iii) Die Kliniekskool voldoen aan die vereiste dat die eerste toelating van leerlinge voorlopig moet wees, met die oog op observasie, verdere toetsing en bevestiging van sertifisering.

(iv) Die Kliniekskool kan, in weerwil van sy ernstigste pogings, slegs gedeeltelik voldoen aan die vereiste dat leerlinge - van wie die ouers hulle plig versuim - voorsien moet word van klere, skoene, toiletbenodigdhede en selfs die allernoodsaaklikste sakgeld[3]. Die skenking van R800 per jaar, aangevul deur spontane skenkings van private persone en instansies, is hiervoor ontoereikend.

(v) Die vereiste dat geen klasgroep in die Kliniekskool groter as 15 leerlinge moet wees nie, word streng nagekom.

(vi) Aangesien die Kliniekskool tans oor sowel 'n laer as 'n hoër afdeling beskik, voldoen dit nie aan die vereiste dat afsonderlike fasiliteite vir leerlinge uit die laer en middelbare skole afkomstig geskep word nie[4].

(vii) Die Kliniekskool voldoen na die beste van sy vermoë aan al die vereistes wat gestel word vir toesig en beheer binne die skool, op die gronde en speelterrein, dag-en-nag in die koshuise, en in alle situasies[5].

(viii) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen geensins aan die vereistes wat gestel word t.o.v. die persoonlike veiligheid en beskerming van hulle onderwysers wanneer hulle na weglopERkinders soek nie. Die betrokke onderwysers gebruik hulle privaat motorkarre tans op eie risiko vir hierdie doel, en terwyl hulle van huis af is, word hulle gesinne onbeskermd gelaat.

(ix) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan alle vereistes t.o.v. die administrasie van sielkundige dienste en behandeling in die klinieke totdat sulke leerlinge gedesertifiseer word; die nasorgwerk deur die assistent-sielkundiges; die mediese, tandheelkundige, en skoolgeneeskundige dienste vir alle leerlinge; en die koshuise en boerdery[6].

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(ii).
2. Vgl. hoofstuk 2, par. 8(a).
3. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(iii) en (iv).
4. Kyk hoofstuk 4, par. 2(g)(vi).
5. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(v) en (vii).
6. Kyk hoofstuk 2 en hfst. 4, par. 2(g)(ix)-(xii).

(h) Die skoolgeboue en toerusting

Die skoolgebouekompleks van die Kliniekskool Loopspruit voldoen grootliks aan die vereistes wat gestel word[1]. Dit beskik oor 'n geskikte administratiewe blok vir die betrokke amptenare soos die hoof, visehoof, sekretaresse-tiksters; 'n ruim personeelkamer, voldoende voorraadkamers en die nodige toilette. Hierdie blok is verbind met die biblioteeklokaal wat goed toegerus is met 'n groot verskeidenheid boeke, tydskrifte en koerante. Die klaskamers voldoen aan die vereistes van ruimte, lig en lug en is gerangskik in die vorm van 'n reghoek. Daar is 'n laboratorium, kunskamer en 'n huishoudkunde- sowel as 'n handwerksentrum. Al die lokale is goed toegerus met die nodige apparaat. Die Kliniekskool beskik nie oor 'n lokaal waarin liggaamlike opvoeding gegee kan word nie. Verder beskik hierdie inrigting oor 'n moderne skoolsaal wat voldoen aan die vereistes t.o.v. 'n groot verhoog, genoeg vensters, verdonkeringsgordyne, verhoogligte, opgestopte stoele en 'n projektorkamer. Hierdie geboue is almal voorsien van stoepe sodat almal droogvoets bereik kan word.

Die Kliniekskool het verder twee moderne, goed toegeruste sielkunde klinieke met observasiekamers voorsien van eenrigting deursigtige glas. Die klinieke sal eersdaags voldoen aan die vereiste van 50 leerlingpasiënte per kliniek[2].

Die Kliniekskool vertoon 'n leemte daarin dat die washuis beknop en afgeleë van die koshuise is. Dit plaas 'n groot las op die matrones wat in albei moet werk. In die washuis is ook 'n tekort aan voorsiening vir 'n lokaal vir verstelwerk aan linne en klere.

(i) Die gronde[3]

Die Kliniekskool Loopspruit voldoen bevredigend aan die vereistes ten opsigte van die grootte van die terrein. Die skool beskik nl. oor 54 morge, waarvan 15 morge deur die skool- en koshuisgebouekompleks, woonhuise vir die personeel en sportvelde in beslag geneem word. Dit laat sowat 39 morge vir landbou-aktiwiteite.

---

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(h).
2. Die Administrasie het reeds 'n verdere twee identiese klinieke beplan, wat aan die eise sal voldoen.
3. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(i).

Die geografiese ligging, rustige atmosfeer, vars en skoon lug voldoen aan die vereistes wat vir 'n kliniekskool gestel word. Die uitleg van sportvelde en die terrein wat hiervoor gebruik word voldoen aan die vereistes wat gestel word en is beplan met die oog op toesig oor en veiligheid van alle leerlinge. Die plaas en die vrye natuur bied geleenthede vir produktiewe vryetydsbesteding en ontspanning en ook vir arbeidsterapie.

Alhoewel die skool oor voldoende sportvelde beskik, ontbreek 'n waardige en geskikte pawiljoen en is die swembad nie omhein nie.

Die boerdery en instandhouding van die sportgronde word dikwels benadeel deur periodieke droogtes en die daarmee gepaardgaande beperkings op besproeiingswater uit die Klipdriftdam. Hierbenewens beskik die skool nie oor voldoende geld vir die aankoop en onderhoud van voldoende implemente vir die behoorlike versorging van sy hele terrein nie.

(j) <u>Die finansiering</u>[1)]

(i) Die Kliniekskool ontvang 'n ruimer subsidie per leerling-kosganger as die gewone provinsiale skoolkoshuise en voldoen derhalwe aan die gestelde norm.

(ii) Die finansiering van die Kliniekskool t.o.v. persoonlike uitgawes aan leerlinge skiet te kort. Die vereiste is dat die Departement, wat die leerlinge uit hulle ouerhuise wegneem, die leerling moet voorsien van alles wat vir hulle herstel nodig is. Dit sluit klere, skoene, toiletbenodigdhede en selfs sakgeld in, waar die ouers hulle plig versaak. Die huidige toelae van R800 per jaar vir hierdie doeleindes is te klein.

(iii) Die Kliniekskool voldoen aan die vereiste dat hy oor 'n skoolbus moet beskik. Die bus is deur die Onderwysdepartement voorsien en 'n klein voorsiening vir brandstof word gemaak. Die skool moet egter uit sy karige fondse die grootste gedeelte van die brandstof aankoop en is verantwoordelik vir die koste verbonde aan die onderhoud van die bus.

(iv) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes dat die publiek nie tydig en ontydig gevra moet word vir geldelike bydraes nie. Dit ontvang egter soms skenkings van goedgesinde organisasies, verenigings of individue.

---

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2 (j)(ii) en hfst. 2, par. 11.

(v) Die Kliniekskool voldoen aan die vereistes tot die boekhouding en voorlegging aan die Adviesraad en Onderwysdepartement van verslae en balansstate t.o.v. die skoolfonds, koshuis- en boerdery gelde aan die end van elke finansiële boekjaar.

(k) Die beheer

Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan al die vereistes t.o.v. beheer[1], te wete dit ressorteer net soos die gewone skole onder die Onderwysdepartement met sy inspekteurs van onderwys; dit beskik oor 'n Adviesraad wat op advies van die skoolhoof en plaaslike inspekteur van onderwys deur die Direkteur benoem word; die Adviesraad vorm die skakel tussen die Kliniekskool en die Onderwysdepartement, d.m.v. die skoolraad t.o.v. sake soos geboue, terrein, implemente, en aanbeveling van onderwysers vir benoeming op die personeel deur die Onderwysdepartement. Hierbenewens trag die Adviesraad steeds om leemtes en probleme van die inrigting, waarvan hy bewus is, onder die aandag van die skoolraad en skoolhoof te bring ten einde die skool doeltreffender te laat funksioneer, en verder uit te bou met inagneming van veranderende omstandighede.

(l) Die leerlinge

Die Kliniekskool Loopspruit voldoen slegs gedeeltelik aan die norme t.o.v. toelating van gedragsafwykende leerlinge: dit akkommodeer nl. die leerlinge met normale en bonormale intelligensie met gedragsafwykinge soos stokkiesdraai, onbeheerbaarheid, diefstal, aggressiwiteit, weglopery, seksprobleme, leuentaal, leeglopery, vloek- en vuil taal, vernielsug, afknouery en woedebuie. Hierteenoor vertoon die Kliniekskool 'n leemte daarin dat hy ook dikwels leerlinge met ondernormale verstand en wat gedragsafwykend is moet opneem[2].

(m) Die koshuise[3]

1) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes betreffende die huisvesting, voeding en versorging van 250 leerlinge as 'n uiterste maksimum. Die huisvesting bestaan uit groot eenhede en kleiner huiseenhede vir seuns en meisies apart. In lg. woon slegs groepe van vier leerlinge elk, te wete die prefekte, en wel as 'n blyke van erkenning van en aansporing en motivering tot goeie gedrag.

1. Vgl. hoofstuk 2,(12) en hfst. 5, par. 2(k).
2. Vgl. hoofstuk 2 en hfst. 4, par. 2(l).
3. Kyk hoofstuk 2 en hfst. 4, par. 2(m).

2) Die koshuisvensters is almal voorsien van diefwering om 'n veilige gevoel by die leerlinge te verseker, en ook om hulle te beskerm, teen wie ook al.

3) In die koshuise word toegesien dat die nodige klem geplaas word op persoonlike verantwoordelikheid; die aanleer van innerlike en uiterlike netheid; orde in die kamers, gange, badkamers, latrines ens.; sindelikheid, selfwerksaamheid; en respek vir andere se eiendom. Die nodige koshuisreëls is voorhande en die inwoners is onderworpe aan simpatieke, dog streng toesig.

Die Kliniekskool het 'n gemeenskaplike eetsaal ten einde te voldoen aan die vereiste dat dit moet stimuleer tot goeie tafelmaniere en vrymoedige beskaafde sosiale verkeer.

4) Die vereistes betreffende huisgodsdiens in die eetsaal word streng nagekom, so ook die stilteperiodes in die koshuise in die môre en aand vir hierdie doel.

5) Soos uit die voorgaande blyk, lewer die koshuise 'n belangrike bydrae tot die rehabilitasie van die leerlinge.

6) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen ook aan die vereistes van goeie en nette voedselvoorsiening, en 'n gebalanseerde diëet word volgens goedgekeurde voorskrifte aangebied.

7) Vanweë die besondere aard van die gedragsafwykende leerlinge is die koshuisvoorrade soos matrasse, kussings, lakens, slope en handdoeke - in weerwil van nougesette toesig - onderhewig aan verhoogde slytasie a.g.v. simptome van vernielsugtigheid by die kinders. Vervanging van sodanige uitrusting plaas 'n groot geldelike las op die koshuise en verg bykomende toegewings van die Departement t.o.v. vervanging van beddegoed en linneware.

8) Wat die aanbly van adolessente tot op 21-jarige ouderdom betref, kan die groter koshuiseenhede met gemeenskaplike slaapsale, nie daartoe bydra om 'n rustige huislike atmosfeer en redelike privaatheid vir hulle te voorsien nie.

(n) Die terapeutiese diens[1)]

(i) Die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereiste dat die gedragsaf-

---

1. Vgl. hoofstuk 2 en hfst. 4, par. 2(n).

wykende kind as't ware in 'n klinies-sielkundige internaat geplaas word vir elke uur van die dag solank as wat hy in die inrigting moet bly.

(ii) Ten opsigte van die terapeutiese benadering voldoen die Kliniekskool Loopspruit aan die gestelde vereistes, te wete:

1) Die Kliniekskool ontvang al die vereiste verslae met die aanvangsbesonderhede van die leerlinge wat daarheen verwys is.
2) Na toelating word al die vereiste prosedures gevolg en middele[1] toegepas en 'n psigiese totaalbeeld van die kinderpersoonlikheid opgebou.
3) Na deeglike kontrole en onderlinge konferering word 'n diagnostisering gemaak en op die behandeling besluit.
4) Die terapie is daarop ingestel om die kind te lei om sy probleme te herken en om hulle self te verwerk en op te los. Hulpverlening geskied in hierdie stadium met klem op kondisionering, heropvoeding, psigiatriese en mediese hulp, arbeidsterapie, milieubehandeling, remediërende onderwys en positiewe motivering t.o.v. die vereiste aspekte. Die nodige beheer en gesag word gehandhaaf, maar is altyd gemik op die bevordering van selftug.
5) Die leerling word voortdurend geëvalueer ten einde sy vordering op weg na skolastiese aanpassing en volledige rehabilitasie te bepaal.
6) Na deeglike konferering word desertifisering op meriete aanbeveel.
7) Terugplasing in die ouerhuis en die vorige skool, of in 'n ander skool en koshuis, gaan gepaard met die nodige nasorg ten einde voortgesette hulp te verleen by die volledige inpassing in die sosiale en arbeidslewe.
8) Ten opsigte van indiensplasing, vervul die skoolhoof 'n aktiewe rol.
9) Behoorlike verslag word, sover as wat moontlik is, gehou van die sukses of mislukking van die gerehabiliteerdes. Soos reeds aangedui, word tot meer as 75% sukses met gedesertifiseerdes aangeteken.

3. <u>Samevatting</u>

In hierdie hoofstuk is aangetoon in welke mate al dan nie, die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan die vereistes van die norme vir die verskillende aspekte van 'n kliniekskool. In die volgende hoofstuk sal die voortreflikhede en leemtes van die Kliniekskool saamgevat word en sal aanbevelings ter verbetering gemaak word.

---

1. Hoofstuk 4(n), 1) tot 5) toon die vereistes waaraan voldoen moet word.